NG KERK IN OOS-KAAPLAND

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE SINODALE KOMMISSIE OP 27 JULIE 2006 TE BYBELHUIS, PE

1. OPENING

1.1 Die vergadering sing Lied 191 verse 1 en 3. Daar word geleentheid vir stil word en gebed gegee.

1.2 Ds Hansie Schutte, voorsitter, lees Handelinge 20 verse 17 tot 38 voor en vra waarop die Here lede van die vergadering se aandag vestig.

1.3 Terugvoer:

● Ons is op pad – op reis. Die vergadering se dokumente laat mens besef ons kyk weg van onsself en begin die wêreld en konteks raaksien.
● Mens het 'n venstertyd – 'n *window of opportunity*. Milete was 'n belangrike stad, maar is vandag 'n ruïne.
● Ondertoon van besorgdheid by Paulus. Hy laat roep ouderlinge en vertrou die kerk aan hulle toe.
● Kerugma: gepreek, onderrig, vermaan, verkondig. Peterson: *Christ plays in ten thousand places.* Die inwoners van 'n staat moet gelukkig wees, hoe ingewikkeld 'n staat se werk ook uiteindelik is. Die kerk se taak is om van mense *christusse* te maak, hoe ingewikkeld dinge ook al is.
● Herders speel 'n belangrike rol en het 'n beslissende funksie om leierskap uit te oefen.
● Paulus het 'n moeilike verhouding met die gemeente gehad – hier word van huil gepraat – en tog huil hulle as hy weggaan.
● Sentrale taak: om die evangelie te verkondig.
● Wantroue t.o.v. leiers – in die Oos-Kaap is daar 'n gedeelde werklikheid en vertroue in leiers (soos verwoord tydens bosberaad). Om te lewe onder mense wat jy dien, is ononderhandelbaar.
● Die evangelie bly 'n eerste opsie en verantwoordelikheid.
● "Sodat ons die armes kan help..."
● Baie intriges in die gedeelte.
● Klem het vir predikante weg van Christus na die kerk geskuif. Konsentreer ons nie te veel op die kerk nie?
● Gemaksones en eie belang is belangrik vir die kerk.
● Wolwe uit julle eie geledere sal inkom. Wandel ons naby genoeg aan die volle omgang God se Woord om wolwe raak te sien en hulle aan te spreek. Geestelike leiers moet weet dat dwaalleraars uit jul eie midde sal opstaan.

1.4 Wat doen God nou?

Watter geleenthede gee God nou vir ons? Watter deure open Hy vir ons?

● Die weerstandigheid om te verander, is 'n nuwe deur wat oopgaan. Sekere dinge moet sterf sodat daar nuwe lewe kan wees.
● Fokus op die verkondiging van God se genade.
● Het God nie oor die laaste jare losgemaak van 'n klomp *side-issues* nie, ons gestroop en nou kan ons weer fokus op die Here en die evangelie.
● De-professionalisering van die predikante-amp is heilsaam met die oog op die ontwikkeling van die kerk.
● Geleentheid is om die koninkryk van Jesus Christus te herstel, die verdeeldheid raak te sien en deur kerkhereniging te heel. Wees versigtig om nie t.w.v. oorlewing kerkhereniging na te jaag nie. Huigel as jy eksklusief is. Kerk groei waar dit nie eksklusief is nie.
● Die grense is besig om te vervaag – daar is heelwat plattelandse gemeentes waar die leraars wyer as net die NG Kerk bedien.
● 'n Groeiende gebedsgees ontstaan in gemeentes. God doen dit deur sy Gees.

1.5 Geloofsbelydenis

Die vergadering doen die geloofsbelydenis hardop saam.

1.6 Gebed

Die vergadering sing Lied 286 as gebed.

2. KONSTITUERING

2.1 Dagbestuur van die SK

Ds EGJdeG Schutte – Voorsitter
Ds ACV van Wyk – Onder-voorsitter
Dr S du Toit - Aktuarius
Ds DW Mouton – Skriba
Ds AC van der Westhuizen
Ds M van Niekerk
Ds PL Louw
Ds CH van Heerden – DL Finansies

2.2 Adviserend

Dr J Viljoen – Direkteur Administrasie

2.3 Bestuurder BNet op uitnodiging

BNet - Ds BIC Steyn

2.4 Reiskostevorms

Die DA hanteer die reiskostevorms.

3. UITBREIDING VAN DIE SAKELYS

Die volgende nuwe sake en bylae word by die sakelys gevoeg:

- Bylaag R by pt 5.2.1
- Pt 6.1 Verslag BNet Werksessie - Bylaag Q
- Pt 8.3 Volgende konvent vir Eenheid: 14-15 November 2006
- Pt 8.4 - Kerkhereniging: Pad vorentoe
- Pt 9.1 Notas: ADGO Evangelisasie en Gemeente-Ontwikkeling.
- Pt 19.4 Finansiële Jaarstate - Bylaag T
- Pt 20.5 Inseën van Huwelike - Bylaag N
- Pt 20.6 Kursus: Basiese kerklike bediening - Bylaag O
- Pt 20.7 Bedieningsmodel KwaZulu Natal - Bylaag P.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

4.1 SK-Dagbestuur 2006-05-18 Bylaag A

4.1.1 Goedgekeur, met dank aan die skriba.

4.2 Sinodale Kommissie 2006-05-18 Bylaag B

4.1.2 Goedgekeur, met dank aan die skriba.

5. SAKE UIT DIE NOTULE

5.1 SK Dagbest 2006-05-18 Bylaag A

5.1.1 Terugvoer Ad Hoc Kommissie: Sentrale Salarisstelsel (pt 5.1.1) Bylaag S

5.1.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag S (Ondersoek na 'n sentrale salarisstelsel – dd 2006-07-20).

5.1.1.2 Besluite:
***1 Kennis geneem van pte 1. tot 7. (die verslag in sy geheel).**
***2 Die verslag word vir besluitneming na die volgende vergadering van die Sinodale Kommissie deurgegee.**

5.1.2 Ondersoek deur Netwerk vir Navorsing: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (pt 5.1.2)

5.1.2.1 Die saak staan oor.

5.1.2.2 Die skriba volg met ds Willie van Zyl op oor vordering met navorsing deur die Ring van Dordrecht.

5.1.3 Netwerk vir Navorsing: Teologiese begronding van verskillende vergaderstyle (pt 5.1.3)

5.1.3.1 Die saak staan oor tot by die volle SK van November 2006.

5.1.4 Verslag: ADGO Sinodale verteenwoordiger: Lidmaatbemagtiging (pt 6.1.2)

5.1.4.1 Die vergadering is namens die sinode deur dr Jan Cloete bygewoon. Die verslaglewering staan oor.

5.1.5 Opdrag van SK: Ring van PE-Wes (pt 14.1)

5.1.5.1 Die voorsitter sal elkeen van die leraars van die ring skakel en uitnooi na 'n vergadering op Maandag 21 Augustus om 11:00 – 16:00. Die groep sal ook saam eet. Indien daar persone is wat nie die vergadering bywoon nie, sal moderatuurslede indiwiduele afsprake met hulle maak.

5.1.5.2 Die DA reël die lokaal en middagete.

5.2 Sinodale Kommissie 2006-05-18 Bylaag B

5.2.1 Uitkoop van tyd, teologiese beplanningsessie en personeelverbintenis (pt 7.1.2) Bylaag R

5.2.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag R (Ad Hoc Verslag: Besluite ré predikant in sinodale diens – dd 2006-07-25).

5.2.1.2 Die saak spruit voort uit die besluite deur vorige sinodes, 'n strategiese en teologiese besinning oor die aanwending van moderatuurslede en personeel van die sinodale kerkkantoor en die uitkoop van tyd. Uit die bespreking blyk konsensus dat dit nou tyd is om ernstig aan die bedieningsmatige oorwegings aandag te gee met die oog op die begeleidingsfunksie van die sinode. Daar is 'n gebrek aan kapasiteit by die sinode.

5.2.1.3 Besluit:
***1 'n Voorstel vir bespreking word aan ringe gestuur. Dit verskaf agtergrondsinligting oor sake soos koste-implikasies, die posbeskrywing en ook die pligtestaat.**
***2 'n Ad Hoc Kommissie bestaande uit di Schutte, Mouton en Steyn en dr Viljoen (sameroeper) word aangestel om die besprekingsdokument te finaliseer.**

5.2.2 Kommentaar op Buitengewone sinode 2005: Broer L Theron (pt 7.1.5.2)

5.2.2.1 Die voorsitter het op 5 Junie 2006 met broer Lucien Theron gesprek gevoer. Die terugvoer is deeglik bespreek en broer Theron is tevrede. Sy kommentaar was daarop gerig om die funksionering van die sinode opbouend te dien.

5.2.2.2 Die vergadering neem met dank kennis.

5.2.3 Oos-Kaapse bydrae aan die Algemene Sinode 2006-7 (pt 7.1.8)

5.2.3.1 Die DA doen as volg verslag:
*1 Die aanslag van die Algemene Sinode beloop R163,000, waarvan ons sinode vir R150,000 begroot het.
*2 Die restant Oos-Kaapse aandeel aan die Algemene Predikantebyeenkoms is R9,809. Dit word gebruik om die uitstaande R13,000 aan te vul.
*3 Die balans (R3,191) van ons bydrae word

befonds deur die versending van Kerkspieël-vraelyste na Oos-Kaapse gemeentes. Die Algemene Taakspan Fondse is tevrede met hierdie reëling.

5.2.3.2 Goedgekeur.

5.2.4 Gemeentes se finansiële verantwoordelikheid teenoor die algemene kerkverband (pt 7.1.9)

5.2.4.1 Die saak staan oor tot die SK-vergadering van November 2006.

5.2.5 Ondersoek: Hulp aan kleiner plattelandse gemeentes (BNet) (pt 7.2.1)

5.2.5.1 Die saak is reeds by pt 5.1 2 afgehandel.

5.2.5.2 Kennis word geneem dat die R10-fonds tans sowat R75,000 beloop. Die vraag is presies waarvoor en hoe die fondse aangewend moet word. Een moontlikheid is die toerusting van tentmakers in plattelandse gemeentes.

5.2.6 Restant fondse van die Algemene Predikantebyeenkoms (pt 9.6)

5.2.6.1 Die bedrag beloop R9,809. Vergelyk pt 5.2.3.1.2 hierbo.

6. BEGELEIDINGSNETWERK

6.1 Verslag BNet Werksessie Bylaag Q

6.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag Q (Bnet Weksessie Julie 2006 - Voorstelle aan die SK-Dagbestuur – ongedateerd).

6.1.2 Besluite:
6.1.2.1 Pt 1 – Funksionering van BNet - Goedgekeur.
6.1.2.2 Pt 2 – Sinodale Kommissie verteenwoordiging - Goedgekeur, met die wysiging dat die afsonderlike vergadering van BNet die dagbestuurvergadering sal voorafgaan; dat indien nodig – en die sakelys dit vereis – van hierdie lede ook by die SK-Dagbestuursvergadering teenwoordig sal wees, maar die netwerkbestuurders wat oor projekte moet adviseer die November-vergadering (begrotingsvergadering) van die SK sal bywoon.
6.1.2.3 Pt 3 – Tentmakers (bedieningshulp aan gemeentes) – Goedgekeur. Dit word uit die begroting vir bedieningshulp aan gemeentes befonds. Sameroeper: ds Barnard Steyn.
6.1.2.4 Pt 4 – Netwerk vir Navorsing – Goedgekeur.

7. BARMHARTIGHEID

Geen sake vir bespreking nie.

8. EKUMENE

8.1 Notule: Dagbestuur UK Konvent 2006-06-15 Bylaag M

8.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag M (Notule telefoonvergadering Dagbestuur UK van die Konvent - dd 2006-06-15) en neem die volgende besluite:

8.1.2 Besluite:
8.1.2.1 Pte 1. tot 3 – Kennis geneem
8.1.2.2 Pt 4.1.1 Waarderende Ondersoek – Kennis geneem
8.1.2.3 Pt 4.1.2 Uitgebreide Konvent – Goedgekeur, insluitend die moontlike datum van 14-15 November 2006 - met die aanbeveling dat ringskommissies deel uitmaak van so 'n uitgebreide konvent. Befondsing van die vergadering word verwys na die DA en DL Finansies. 'n Byeenkoms op 'n sentrale punt soos Hartenbos word aanbeveel.
8.1.2.4 Pt 4.1.3 Gesamentlike Sinode in 2008 - Kennis geneem.
8.1.2.5 Pt 4.2 Ringsgrense - Goedgekeur.
8.1.2.6 Pt 4.3 - 5. - Kennis geneem.

8.2 Amalgamasie KGA EN SKGA Bylae C en C.1

8.2.1 Die vergadering bespreek Bylae C en C.1 (Vennootskaplike bediening in die Oos-Kaap - dd 2006-06-14) en neem die volgende besluite:

8.2.2 Besluite:
8.2.2.1 Kennis geneem van beide bylae in hul geheel;
8.2.2.2 Die sake wat in die gesamentlike Getuienisaksieverslag voor die eerskomende VGK-sinode dien, sal ook in die Oos-Kaap sinodale goedkeuring vereis;
8.2.2.3 Die SK-Dagbestuur wil graag met die SKGA en KGA oor hierdie sake in gesprek wil tree;
8.2.2.4 Die SK-Dagbestuur verneem graag wat die eerskomende VGK-sinode oor hierdie sake besluit.

8.3 Volgende Konvent: 14-15 November 2006

8.3.1 Afgehandel by pt 8.1.2.3.

8.4 Kerkhereniging: Pad vorentoe

8.4.1 Die voorsitter deel persoonlike indrukke met die vergadering re die besondere verwikkelinge by die gesamentlike vergadering van die AS Moderamen van die NGK en VGKSA in Junie. Hy beklemtoon die rol van goeie, versoenende leierskap. Die VGK het afgesien van die aanvaarding van die Belharbelydenis as voorvereiste vir kerkhereniging.

8.4.2 Terugvoer uit die vergadering:

8.4.2.1 Ons het leiding nodig oor wat kerkhereniging plaaslik beteken en watter inisiatiewe geneem kan word.
8.4.2.2 Daar is skeptisisme oor die proses in die breër gemeentelike konteks.
8.4.2.3 Die energie vir kerkhereniging is laag, maar die groot struikelblok is nou verwyder.
8.4.2.4 Uit Handelinge 20 blyk dat ons vorentoe moet beweeg ten spyte van teenstand. ‘n Nuwe APK is moontlik.
8.4.2.5 Ons het geld en mense nodig om kerkhereniging nou grondvlak toe te neem. As dit werklik ons erns is, sal ons strategies begroot.
8.4.2.6 As ons met ‘n tydsraamwerk werk, moet die eindpunt baie duidelik gedefinieer word. Dan kan ‘n mens die reaksie duidelik moniteer. Moenie mense in ‘n rigting motiveer sonder om uitkomste duidelik te definieer.
8.4.2.7 Die gesamentlike moderamen moet ‘n detail voorstel maak oor wat hulle by die volgende Algemene Sinode wil besluit, bv herformulering van Artikel 1, en dit moet by lidmate op grondvlak uitkom. Die prentjie moet vinnig ingekleur word.

9. FAMILIE

9.1 Notas: ADGO Evangelisasie en Gemeente-Ontwikkeling Bylaag L

9.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag L (Notas ADGO Evangelisasie en Gemeente-ontwikkeling - dd 2006-07-12).

9.1.2 Besluit: Kennis geneem en verwys na Bnet om ‘n kort inligtingstuk / artikel op te stel waarin die notas saamgevat word, met die oog op verspreiding aan kerkrade.

10. GETUIENIS

Geen sake vir bespreking nie.

11. JEUG

Geen sake vir bespreking nie.

12. KOMMUNIKASIE

Geen sake vir bespreking nie.

13. LITURGIE

Geen sake vir bespreking nie.

14. MODERATUUR

Geen sake vir bespreking nie.

15. NAVORSING

15.1 Skrywe prof PJ Naudé Bylaag H

15.1.1 Die veradering bespreek Bylaag H (Bedanking as Netwerkbestuurder Navorsing - Prof PJ Naudé - dd 2006-06-23).

15.1.2 Die vergadering neem met hartseer kennis dat dit nie langer vir prof Naudé moontlik is om in hierdie rol op te tree nie, en spreek groot dank en waardering vir sy bydrae uit.

15.1.3 Die vergadering besluit om voorlopig nie weer hierdie pos te vul nie.

16. PREDIKANTE-BEGELEIDING

Geen sake vir bespreking nie.

17. SEISOEN VAN LUISTER

Geen sake vir bespreking nie.

18. VROUELIDMATE

Geen sake vir bespreking nie.

19. FINANSIES EN ADMINISTRASIE

19.1 Reglement 8 Bylaag I

19.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag I (Herformulering: Reglement 8 - ongedateerd).

19.1.2 Besluit: Kennis word geneem van die herformulering. Dit word deurgestuur na die SRK met die oog op voorlegging aan die volgende sinode.

19.2 Sinodale Dankoffers Bylaag J

19.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag J (Opsies vir die berekening van sinodale dankoffers - dd 2006-06-26).

19.2.2 Besluit: die bylaag staan oor na volgende vergadering van SK-Dagbestuur.

19.3 Interne Rekenmeester Bylaag K

19.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag K (Interne Rekenmeester – dd 2006-07-06).

19.3.2 Besluite:
19.3.2.1 Pte 1. tot 5.4 – Kennis geneem
19.3.2.2 Pt 6.1 tot 6.6.3 – Goedgekeur
19.3.2.3 Op hierdie stadium is daar nog nie ‘n bedankingsbrief van die interne rekenmeester ontvang nie. Hierdie reëlings is slegs van toepassing indien haar bedanking wel realiseer.

19.4 Finansiële Jaarstate Bylaag T

19.4.1 Mnr Tommie van der Mescht van Wolmarans Kruger Ouditeure word in die vergadering verwelkom en lig Bylaag T toe (Finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2006 - dd 2006-07-27). Die beleggingsportefeulje het uitsonderlik goed presteer.

19.4.2 Besluit: Die finansiële state word na deeglike bespreking goedgekeur.

19.4.3 Die voorsitter bedank die DA, dr Jan Viljoen, die interne rekenmeester, me Teresa Botha en die sekretaresse, me Nellie Westraadt vir hul harde werk, noukeurigheid en toewyding.

20. KORRESPONDENSIE

20.1 Appel WSH du Randt Bylaag D

20.1.1 Die vergadering bespreek Bylaag D (Skrywe WSH du Randt – dd 2006-05-31).

20.1.2 Besluit:
Kennis geneem van die skrywe en dra dit aan die skriba op om in oorleg met die aktuarius 'n skrywe aan broer Du Randt te rig waarin die vorige standpunt en besluit van die SK herbevestig word.

20.2 Nasionale dag van verootmoediging en voorbidding vir die landbougemeenskap Bylaag E

20.2.1 Die vergadering bespreek Bylaag E (Nasionale dag van Verootmoediging en Voorbidding vir die Landbougemeenskap - dd 2006-05-29).

20.2.2 Besluit: Die versoek word deurgegee aan die Algemene Sekretaris van die NG Kerk.

20.3 Voorlegging: Timothy Opleidings-instituut Bylaag F

20.3.1 Die vergadering bespreek Bylaag F (Timoteus Opleidinginstituut - dd 2006-06-07).

20.3.2 Besluit: Kennis word van die skrywe geneem en verwys na die ad hoc werkgroep re tentmakersbediening (pt 6.1.2.3).

20.4 Skrywe: NGK Jeffreysbaai : Inseën van huwelike Bylaag G

20.4.1 Die vergadering bespreek Bylaag G (Skrywe Jeffreysbaai - Inseëning van Huwelike - dd 2006-04-12).

20.4.2 Kennis word van die skrywe geneem.

Nota: Sien ook pt 20.5

20.5 Inseën van Huwelike Bylaag N

20.5.1 Die vergadering bespreek Bylaag N (Skrywe van die aktuarius in antwoord op Bylaag G aan Jeffreysbaai-gemeente - dd 2006-06-23).

20.5.2 Besluit: Kennis word geneem van die aktuarius se antwoord.

Nota: Vergelyk punt 20.4

20.6 Kursus basiese kerklike bediening Bylaag O

20.6.1 Die vergadering bespreek Bylaag O (Basiese kerklike bediening - dd 2006-07-19).

20.6.2 Besluit: Kennis geneem en verwys na die ad hoc werkgroep re tentmakersbediening (pt 6.1.2.3).

20.7 Bedieningsmodel KwaZulu-Natal Bylaag P

20.7.1 Die vergadering bespreek Bylaag P (A ministry model for the DRC Family of Churches in KZN - dd 2006-01).

20.7.2 Besluit: Kennis geneem en verwys na die ad hoc werkgroep re tentmakersbediening (pt 6.1.2.3).

21. ANDER SAKE

Geen ander sake word bespreek nie.

22. VOLGENDE VERGADERING

22.1 Die SK-Dagbestuur vergader op 26 Oktober 2006.

23. AFSLUITING

23.1 Ds Rethie van Niekerk sluit die vergadering met gebed af.